

Tema: Geborg om aan die engele die wysheid van God te leer

Voorlesing: Efesiërs 3:1-21

Preekteks: Efesiërs 3:9-11

“en vir almal aan die lig te bring wat die gemeenskap is van die verborgenheid wat van alle eeue af verborge was in God wat alles geskape het deur Jesus Christus, sodat nou deur die gemeente aan die owerhede en magte in die hemele die menigvuldige wysheid van God bekend gemaak kan word, volgens die ewige voorneme wat Hy opgevat het in Christus Jesus, ons Here,”

Ons het verlede week gehoor dat ons (soos Paulus) geborg word deur God se genade en deur die onuitputlike rykdom van Christus om biddend te volhard met ons roeping en opdrag. Verse 9 tot 11 beskryf nou daardie roeping en opdrag. As jy dit net so alleen lees lyk dit of Paulus se ego te groot geword het. Lees jy dit egter saam met die res van die brief, dan sien jy dat hy werklik beskeie is oor hierdie groot taak wat hy as apostel en ons as kerk van die Here het. Kom ons kyk nou goed na wat hier staan:

“en vir almal aan die lig te bring”

In hierdie wêreld wat donker is van onkunde oor God stuur God Paulus uit om almal te verlig met die regte kennis van God en sy plan met sy skepping. Hierdie sending het begin met die koms van God die Seun as *“ware lig wat elke mens verlig”* (Joh. 1:9). Daarna is dit voortgesit deur die apostels en profete (2 Kor. 4:5 en 6).

“wat? Die gemeenskap van die verborgenheid wat van alle eeue af verborge was in God wat alles geskape het”

Let daarop klein wysiging in die vertaling om dit meer letterlik te maak. Dit wat moet bekend gemaak word, word hier *“die gemeenskap van die verborgenheid...in God...”* genoem. Nog meer letterlik: *“die koinonia van die misterie...in God...”*. “Koinonia” ken ons as Griekse woord wat aandeel, gemeenskap, bestuur kan beteken. **In kort:** Paulus het insae (deur openbaring van God) in die eeue lange verborge plan van God met sy skepping en moet hierdie insig met almal deel.

“deur Jesus Christus, sodat nou deur die gemeente”

Dit lyk of “deur Christus” net by “wat alles geskape het” staan, maar in hierdie moeilike sin kan dit ook by “en vir almal aan die lig te bring...deur (die verkondiging van) Jesus Christus...”. Dit maak dan die “sodat nou deur die gemeente...” meer verstaanbaar. Want die lig wat die apostel het om uit te dra moet nou deur die gemeente verder gedra word. **In kort:** Dit is nou ons taak om die insae wat ons in God se plan met sy skepping het bekend maak deur Christus aan alle mense te verkondig.

“aan die owerhede en magte in die hemele die menigvuldige wysheid van God bekend gemaak kan word,”

Hierdie is seker een van die verstommendste dinge wat in die Skrif staan. Eers het God deur engele met ons gepraat (Heb. 2:2). Nou, in hierdie laaste dae, maak God sy “*menigvuldige wysheid*” aan engele bekend deur ons! Petrus skryf ook van “*dinge waarin engele begerig is om in te sien*” (1 Pet 1:12). Die besondere, unieke plek wat “die gemeente/die kerk” (die “Ekklesia”, die “geroepenes” van God) beklee in die bekendmaking van God se raadsplan mag nooit geminag word nie. Al word ons ook van alle kante bespotlik gemaak en uitgetart, al lag hulle ook vir ons oor wat hier geskrywe staan, dit bly steeds ons goddelike roeping en ons moet dit met heilige erns en toewyding uitleef. **In kort:** God het ons hier geplaas om soos prisma die vele fasette van sy wysheid uit te straal, sodat selfs die engele daaruit kan leer.

Toerusting

- Glo ons nog in die uniekheid van Jesus Christus as Seun van God?
- Glo ons nog in die uniekheid van die gemeente draer van God se boodskap?
- Verstaan ons dit reg dat God deur ons werk en nie ons deur Hom nie?
- Gebruik ons die geleentheid om “*met vrymoedigheid en vertrouwe na God*” (v 12) te gaan vir hierdie doel?
- Glo ons nog dat God dit wat Hy wil doen deur ons kan bereik?